- (6) The Municipality may, by notice in the *Provincial Gazette*, require the public to dispose of waste tyres at facilities designated in the notice.

Event waste

- 27.** (1) An event organiser must submit an event waste management plan together with his or her application to the Municipality for an event permit.
- (2) The event waste management plan must set out in detail —
- (a) how waste will be minimised and recovered for recycling; and
 - (b) the person responsible and measures in place for the clean-up, collection, recycling and disposal of the event waste.

- (3) The event organiser must ensure that the event waste is disposed of at an authorised waste disposal facility and provide the Municipality with proof of the disposal.
- (4) If any event waste has not been cleaned up and collected after an event has been held, the municipal manager may issue a directive to the event organiser or responsible person to remove the waste to an authorised waste disposal facility.
- (5) If a directive is issued as contemplated in subsection (4) and —
- (a) an event organiser or responsible person fails to comply or inadequately complies with the directive;
 - (b) there is uncertainty regarding the identity or whereabouts of the event organiser or responsible person; or
 - (c) there is an immediate risk of danger to the public or detriment to the environment,
- the Municipality may take any measure it considers necessary to clean up, collect and dispose of the event waste.
- (6) The Municipality may recover the costs incurred by it in terms of subsection (5) from the event organiser and any responsible person, jointly and severally.

Abandoned articles

- 28.** The Municipality may remove and dispose of any article it reasonably considers abandoned, taking into account the following factors:
- (a) the location of the article;
 - (b) the length of time that the article has been at that location; and
 - (c) the nature and condition of the article.

CHAPTER 7

ADMINISTRATIVE MATTERS, COMPLIANCE AND ENFORCEMENT

Liability to pay tariffs

- 29.** (1) The owner of premises for which the Municipality is providing waste management services contemplated in this by-law is liable for the payment of tariffs.
- (2) The Municipality may exempt or grant a rebate to any person or category of persons that are regarded to be indigent in terms of the municipal indigent policy from paying tariffs for waste management services.

Exemptions

- 30.** (1) A person may apply in writing to the Municipality for exemption from any provision of this by-law.
- (2) An application contemplated in subsection (1) must be in a form determined by the Municipality and must be accompanied by a motivation for the exemption.

- (3) The Municipality may —
- (a) grant an exemption in writing, with or without conditions subject to which the exemption is granted;
 - (b) amend or cancel an exemption or a condition in an exemption; or
 - (c) refuse to grant an exemption.
- (4) In order to consider an application contemplated in subsection (1), the Municipality may obtain comments from members of the public who would be affected by the granting of the exemption.
- (5) If an exemption is granted subject to conditions, the exemption does not take effect until the applicant has submitted a written undertaking to the Municipality that he or she will comply with all the conditions.
- (6) If the applicant fails to comply with a condition of the exemption, the exemption is suspended with immediate effect.

Designation of certain officials

31. (1) The municipal manager may —
- (a) designate as an authorised municipal official any staff member of the Municipality;
 - (b) designate as a waste disposal facility operator any staff member of —
 - (i) the Municipality;
 - (ii) any other organ of state; or
 - (iii) a service provider and
 - (c) at any time withdraw a designation made in terms of paragraph (a) or (b).
- (2) A designation contemplated in subsection (1)(b)(ii) may be made only by agreement between the municipal manager and the relevant organ of state.

Functions of authorised municipal officials and waste disposal facility operators

32. (1) An authorised municipal official —
- (a) must administer, implement and enforce this by-law; and
 - (b) may perform any function assigned to an authorised municipal official by this by-law, including conducting an inspection, investigating any act or omission that may constitute an offence in terms of this by-law, and monitoring and enforcing compliance with this by-law.
- (2) A waste disposal facility operator must administer and implement this by-law at a municipal waste transfer facility, general waste storage facility, recycling facility or waste disposal facility, as the case may be.

Premises inaccessible for waste collection

33. If employees of the Municipality or a service provider contemplated in section 10 are —
- (a) impeded from handling or collecting waste at any premises due to the layout of the premises; or

(b) endangered by an impediment on the premises when handling or collecting waste at any premises,
the municipal manager may issue a directive requiring the owner of the premises to undertake such alterations or additions to the premises as are necessary to remove the impediment at the owner's cost.

Duty to produce documents

34. A person to whom a certificate, permit, authorisation or any other document contemplated in this by-law has been issued must produce it at the request of a peace officer or an authorised municipal official.

Directives

35. (1) The municipal manager may issue a directive to any person as contemplated in this by-law to take specific measures pertaining to waste within a specified period to ensure that the impact of waste on human health or damage to the environment is mitigated and to give effect to the waste management hierarchy.

(2) Before issuing a directive contemplated in this by-law, the municipal manager must give notice in writing to the person to whom the directive is intended to be issued of the intention to issue the directive and give that person a reasonable opportunity to make representations in writing.

(3) If urgent action is necessary for the protection of the environment, the municipal manager —

- (a) may issue the directive without giving written notice to the person beforehand; and
- (b) must give the person to whom the directive was issued an opportunity to make written representations as soon as is reasonable thereafter.

Compliance notices

36. (1) An authorised municipal official may issue a written compliance notice to a person if there are reasonable grounds for believing that the person has not complied with —

- (a) a provision of this by-law; or
- (b) a term or condition of any permit, authorisation, exemption or other document issued in terms of this by-law.

(2) Before issuing a compliance notice, an authorised municipal official must give notice in writing to the person to whom the compliance notice is intended to be issued of the intention to issue the compliance notice and provide that person with a reasonable opportunity to make written representations.

(3) If urgent action is necessary for the protection of the environment, an authorised municipal official —

- (a) may issue a compliance notice without giving written notice to the person beforehand;
and

- (b) must give the person on whom the compliance notice was issued an opportunity to make written representations as soon as is reasonable thereafter.
- (4) A compliance notice must set out —
- (a) details of the conduct constituting non-compliance;
 - (b) any steps the person must take and the period within which the steps must be taken;
 - (c) any actions the person may not perform, and the period during which the person may not do so;
 - (d) the steps the Municipality is entitled to take in terms of subsection (6) if the notice is not complied with; and
 - (e) the procedure to be followed to lodge an appeal against the compliance notice.
- (5) An authorised municipal official may, on good cause shown, vary a compliance notice and extend the period within which it must be complied with.
- (6) If a person to whom a compliance notice has been issued fails to comply with it, the Municipality may —
- (a) take whatever steps it considers necessary, where applicable, to—
 - (i) clean up or remove the waste;
 - (ii) rehabilitate the premises, place or affected area at which the waste has been dumped or disposed of or is stored; and
 - (iii) ensure that waste and any contaminated material that cannot be removed, cleaned or rehabilitated is treated or disposed of lawfully; and
 - (b) recover the costs of taking any steps contemplated in paragraph (a) from every responsible person, jointly and severally.

Appeals

- 37.** (1) A person whose rights are affected by a decision taken by the Municipality in terms of this by-law may, unless the decision was taken by the municipal council, appeal against that decision in terms of section 62 of the Municipal Systems Act.
- (2) An appeal under this section suspends the operation of the decision concerned pending the finalisation of the appeal, subject to subsections (3) and (4).
- (3) A person who receives a directive or compliance notice issued in terms of this by-law must comply with that directive or compliance notice within the period stated in the directive or compliance notice, unless the appeal authority has agreed to suspend the operation of the directive or compliance notice as contemplated in subsection (4)(b).
- (4) The appeal authority may, on application and on good cause shown, direct that, pending the finalisation of the appeal —
- (a) the operation of the decision forming the subject of the appeal, or any provision or condition attached thereto, is not suspended, either wholly or in part; or
 - (b) the operation of the directive or compliance notice contemplated in subsection (3), or any part of that directive or compliance notice, is suspended.

Limitation of liability

- 38.** Neither the Municipality nor any other person is liable for any damage or loss caused by —
- (a) the exercise of any power or the performance of any duty under this by-law; or
 - (b) the failure to exercise any power or perform any duty under this by-law,
- unless the exercise or performance of, or the failure to exercise or perform, the power or duty is unlawful and —
- (i) negligent; or
 - (ii) in bad faith.

Offences

- 39.** A person commits an offence if that person —
- (a) hinders or interferes with a service provider, a waste disposal facility operator or an authorised municipal official in the exercise of their powers or the performance of their duties in terms of this by-law;
 - (b) contravenes or fails to comply with section 5(1), 24(3), 24(12), 27(1) or 34;
 - (c) contravenes or fails to comply with section 4(1), 6(6), 13, 14, 15(6), 16(5), 18(1), 19, 20(1), 22(1)(b), 23(1), 25(6) or 27(3);
 - (d) contravenes or fails to comply with a compliance notice issued in terms of section 4(2) or 36(1);
 - (e) contravenes or fails to comply with a directive issued in terms of section 4(3), 8, 16(2), 16(3), 16(4), 18(2), 21(2), 22(2), 23(3), 24(2), 27(4) or 33;
 - (f) falsely pretends to be an authorised municipal official or waste disposal facility operator;
 - (g) furnishes false or misleading information when complying with a provision of this by-law;
 - (h) unlawfully, and intentionally or negligently, performs any act or omits to do anything in relation to waste that detrimentally affects or is likely to detrimentally affect the environment;
 - (i) contravenes or fails to comply with a notice contemplated in section 17(1), 24(5), 25(1), 26(1) or 26(6);
 - (j) contravenes or fails to comply with an instruction issued in terms of section 4(2) or 15(3);
 - (k) contravenes or fails to comply with an integrated waste management plan; or
 - (l) contravenes or fails to comply with a condition subject to which exemption from a provision of this by-law was granted in terms of section 30.

Penalties

40. (1) A person convicted of an offence in terms of section 39(b) is liable to a fine or imprisonment for a period not exceeding one month, and in the case of a second or subsequent conviction, to a fine or imprisonment for a period not exceeding two months, or in both instances, to both such fines and such imprisonment.

(2) A person convicted of an offence in terms of section 39(a), (c), (d), (e), (h), (i), (j), (k) or (l) is liable to a fine or imprisonment for a period not exceeding one year, and in the case of a second or subsequent conviction, to a fine or imprisonment for a period not exceeding two years, or in both instances, to both such fines and such imprisonment.

(3) A person convicted of an offence in terms of section 39(f) or (g) is liable to a fine or imprisonment for a period not exceeding two years, and in the case of a second or subsequent conviction, to a fine or imprisonment for a period not exceeding four years, or in both instances, to both such fines and such imprisonment.

(4) A fine contemplated in subsection (1), (2) or (3) must be determined with due consideration of —

- (a) the severity of the offence in terms of its impact or potential impact on health, well-being, safety and the environment; and
- (b) the monetary or other benefits that accrued to the convicted person through the commission of the offence.

Repeal of by-laws

41. The Refuse Removal By-Law of 2005 is repealed.

Interpretation

42. In the event of a conflict between English and the Afrikaans versions of this By-law, the English version shall be decisive.

Short title

43. This by-law is called the Integrated Waste Management By-law of the Cape Agulhas Municipality, 2021.

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

VERORDENING INSAKE GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUUR, 2021

Om die lewering van afvalbestuursdienste in die gebied van jurisdiksie van Kaap Agulhas Munisipaliteit, te reguleer en voorsiening te maak vir alle aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Die Kaap Agulhas Munisipaliteit, kragtens artikel 156(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, saamgelees met artikel 11(3)(m) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), is van voorneme om die verordening uiteengesit in die Bylae te maak.

HOOFSTUK 1 ALGEMENE BEPALINGS

1. Woordomskrywing
2. Toepassing van verordening
3. Beginsels
4. Verpligtinge van afvalgenereerders
5. Berging en afvalhouers vir algemene afval
6. Eienaarskap van afval

HOOFSTUK 2 GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUURSPLAN

7. Geïntegreerde afvalbestuursplan
8. Opstel van geïntegreerde afvalbestuursplan
9. Inhoud van geïntegreerde afvalbestuursplan

HOOFSTUK 3 VERSKAFFING VAN AFVALBESTUURSDIENSTE

10. Diensverskaffers
11. Verwydering en vervoer van algemene afval
12. Vervoer van afval vir wins

13. Verwydering van ongewenste afval
14. Afvaloorlaaifasiliteite
15. Beskik van afval

HOOFSTUK 4 HERWINBARE AFVAL

16. Berging, skeiding en verwydering van herwinbare afval
17. Skeiding van afval in geografiese gebied

HOOFSTUK 5 VERBODINGE

18. Verbod op ongemagtigde beskik van afval
19. Verbod op verbranding van afval
20. Verbod op rommelstrooiing
21. Verbod op oorlas

HOOFSTUK 6 HANTERING VAN VERSKILLENDIGE Tipes AFVAL

22. Organiese afval
23. Grootmaat afval
24. Bou- en slopingsafval
25. Gevaarhoudende afval
26. Afvalbuitebande
27. Geleentheidsafval
28. Verlate voorwerpe

HOOFSTUK 7 ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE, VOLDOENING EN AFDWINGING

29. Aanspreeklikheid om tariewe te betaal
30. Vrystellings

31. Aanwysing van sekere beamptes
32. Werkzaamhede van gemagtigde munisipale beamptes en afvalstoring fasiliteit-operateurs
33. Persele ontoeganklik vir afvalverwydering
34. Plig om dokumente te verskaf
35. Lasgewings
36. Voldoeningskennisgewings
37. Appéle
38. Beperking van aanspreeklikheid
39. Misdrywe
40. Strawwe
41. Herroeping van verordenings
42. Interpretasie
43. Kort titel

HOOFSTUK 1 ALGEMENE BEPALINGS

Woordomskrywing

1. In hierdie verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in artikel 1 van of Bylae 3 tot die Wet op Afvalbestuur dieselfde betekenis, en beteken —

"afvalbestuurshierargie" 'n metode om afval in die volgende volgorde te bestuur: vermyding; vermindering, hergebruik, herwinning, winning, behandeling en beskik;

"afvalhouer" 'n houer wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is en wat die kapasiteit het om afval tydelik te berg;

"afvalstroom" afval wat in verskillende soorte afval verdeel kan word, met inbegrip van bou- en slopingsafval, besigheidsafval, grootmaat afval, huishoudelike afval, tuinafval, gevaarhoudende afval, gesondheidsorgrisiko-afval, industriële afval, en herwinbare afval;

"afvalverwyderingsdaerooster" 'n rooster beoog in artikel 11(1);

"afvalstorting fasiliteit-operateur" 'n persoon wat ingevolge artikel 31(1)(b) as 'n afvalstorting-operateur aangewys is;

"bergingsfasiliteit vir algemene afval" 'n bergingsfasiliteit wat die kapasiteit het om deurlopend meer as 100 kubieke meter algemene afval te berg;

"die Afvalwet" die "National Environmental Management: Waste Act, 2008" (Wet 59 van 2008);

"die Munisipaliteit" die Kaap Agulhas Munisipaliteit;

"diensleweringsooreenkoms" 'n ooreenkoms tussen die Munisipaliteit en 'n persoon ingevolge waarvan 'n munisipale diens deur daardie persoon verskaf word, hetsy vir daardie persoon se eie rekening of namens die Munisipaliteit;

"diensverskaffer" 'n persoon wat ingevolge 'n diensleweringsooreenkoms met die Munisipaliteit 'n munisipale diens verskaf;

"geïntegreerde afvalbestuursplan" 'n geïntegreerde afvalbestuursplan beoog in artikel 7;

"geïntegreerde inligtingstelsel oor besoedelende stowwe en afval" die aanlyn afvalbestuursinligtingstelsel van die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning;

"geleentheidsafval" afval gegenereer deur aktiwiteite wat verband hou met 'n geleentheid wat deur 'n geleentheidspermit gemagtig word;

"geleentheidsorganiseerder" 'n persoon wat 'n geleentheid organiseer waarvoor 'n geleentheidspermit vereis word;

"geleentheidspermit" 'n permit wat ingevolge die Verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word vir die aanbied van 'n geleentheid;

"gemagtigde munisipale beampte" 'n persoon wat ingevolge artikel 31(1)(a) as 'n gemagtigde munisipale beampte aangewys is;

"gemeenskapskema" dieselfde as wat dit in die "Community Schemes Ombud Service Act, 2011" (Wet 9 van 2011), beteken;

"gesondheidsorgrisiko-afval" dieselfde as wat dit in die Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Gesondheidsorgafval, 2007 (Wet 7 van 2007), beteken;

"kompos" 'n gestabiliseerde, homogene, volledig ontbinde materiaal van dierlike of plantaardige oorsprong waarby geen plantvoedingstowwe gevoeg is nie en wat vry is van stowwe of elemente wat skadelik kan wees vir mense, diere, plante of die omgewing;

"kompostering" 'n beheerde biologiese proses waarin organiese materiaal deur mikro-organismes tot kompos afgebreek word;

"Grootmaat afval" afval wat as gevolg van die massa, vorm, grootte of hoeveelheid daarvan ongerieflik is om te verwyder deur 'n roetine- deur-tot-deur afvalverwyderingsdiens wat die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer lewer;

"munisipale bestuurder" die persoon aangestel deur die Munisipaliteit as munisipale bestuurder ingevolge artikel 82 van die Wet op Munisipale Strukture;

"munisipale deernisbeleid" 'n beleid vir behoeftige gebruikers, goedgekeur deur die Munisipaliteit;

"munisipale raad" 'n munisipale raad beoog in artikel 157 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"oorlas" enige skade, ongerief of ergernis vir 'n persoon veroorsaak deur die onbehoorlike generering, hantering, bestuur, berging, plasing, verwydering, vervoer of beskik van afval, met inbegrip van rommelstrooiing;

"openbare pad" dieselfde as wat dit in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), beteken;

"openbare plek" ook —

(a) 'n openbare pad; en

(b) enige gebou of oop of geslote ruimte, tuin, park of ander plek wat deur die publiek gebruik word of waartoe die publiek 'n gebruiksreg of 'n toegangsreg het;

"organiese afval" afval met 'n biologiese oorsprong wat binne 'n redelike tydperk deur mikro-organismes, ander lewende goed of ander vorms van behandeling afgebreek kan word tot die basiese elemente daarvan, en ook tuinafval, dierekarkasse, voedselafval en houtafval;

"rommel" afval, gevaarhoudende afval uitgesluit, wat op 'n plek buiten in 'n afvalhouer gegooi, laat val, geplaas, uitgemors of op enige ander wyse weggegooi is, en

"rommelstrooiing" het 'n ooreenstemmende betekenis;

"tarief" die gelde wat die Munisipaliteit ingevolge enige toepaslike wet bepaal vir enige diens wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer gelewer word;

"tuinafval" organiese afval afkomstig van tuinbou- of landskapsuitlegaktiwiteite, met inbegrip van grond, grassnysels, blare en takke, maar nie ook afvalprodukte van dierlike oorsprong of grootmaat afval nie;

"verantwoordelike persoon", met betrekking tot afval, 'n persoon wat —

(a) die afval genereer;

(b) die eienaar is van die grond waar die afval beskik is; of

(c) wat in beheer van die afval was toe dit beskik is;

"vredesbeampte" dieselfde as wat dit in die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), beteken;

"Wet op Munisipale Stelsels" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

"Wet op Munisipale Strukture" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).

Toepassing van verordening

2. (1) Hierdie verordening moet saam met die toepaslike bepalings van die Afvalwet gelees word.
- (2) Hierdie verordening is van toepassing op alle persone in die gebied van die Munisipaliteit.
- (3) In die geval van enige teenstrydigheid tussen 'n bepaling van hierdie verordening en enige ander verordening wat afvalbestuur reguleer, geniet die bepaling van hierdie verordening voorrang.

Beginsels

3. (1) Die beginsels beoog in Hoofstuk 1 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), is van toepassing in alle gevalle waar hierdie verordening van toepassing is.
- (2) Die afvalbestuurshierargie moet by die implementering van hierdie verordening toegepas word.
- (3) Die toepassing van hierdie verordening moet die volgende bevorder:
 - (a) volhoubare ontwikkeling en 'n gesonde omgewing deur die bestuur van afval binne die gebied van die Munisipaliteit; en
 - (b) verantwoordelike burgerskap deur inwoners in die gebied van die Munisipaliteit om goeie afvalbestuurspraktyke te verseker.

Verpligtinge van afvalgenereerders

4. (1) 'n Persoon moet enige afval wat genereer word deur sy of haar aktiwiteite of die aktiwiteite van persone wat in sy of haar diens of onder sy of haar leiding is, op so 'n wyse bestuur dat die afval nie skadelik is vir mense se gesondheid of die omgewing beskadig nie.
- (2) 'n Gemagtigde munisipale beampte kan 'n voldoeningkennisgewing aan 'n persoon beoog in subartikel (1) uitreik om stappe te doen om voldoening aan daardie subartikel te verseker, met inbegrip van die uitreik van 'n opdrag aan daardie persoon om —
 - (a) persone wat in sy of haar diens is of wat onder sy of haar leiding of beheer is, in te lig en op te voed oor die omgewingsrisiko's van hul werk en die wyse waarop hul take verrig moet word om afval op 'n wyse te bestuur wat voorkom dat skade aan mense se gesondheid of die omgewing veroorsaak word;
 - (b) die uitwerking wat sy of haar afvalbestuursaktiwiteite op die omgewing het, te ondersoek en te evalueer;

- (c) voor 'n datum vermeld in die voldoeningkennisgewing met spesifieke maatreels te begin, daarmee voort te gaan en dit te voltooi;
 - (d) enige afvalbestuursaktiwiteit wat skade aan mense se gesondheid of die omgewing veroorsaak, veroorsaak het of moontlik kan veroorsaak, te staak, aan te pas of te beheer;
 - (e) die gevolge van afvalskade aan die omgewing te rehabiliteer.
- (3) Die munisipale bestuurder kan 'n lasgewing uitreik wat van afvalgenereerders vereis word om sekere tipes afval van die algemene afvalstroom te skei.

Berging en afvalhouers vir algemene afval

5. (1) 'n Persoon wat —

- a) algemene afval genereer vir verwydering deur die Munisipaliteit; of
- b) afvalstrome skei vir verwydering deur die Munisipaliteit vir herwinning,

moet die afval in 'n afvalhouer plaas wat deur die Munisipaliteit of die betrokke diensverskaffer, na gelang van die geval, vir daardie doeleinde goedgekeur, aangewys of verskaf is.

(2) 'n Persoon beoog in subartikel (1) moet toesien dat —

- (a) die afvalhouer tussen afvalverwyderingsdae op die perseel waar die afval gegeneer word en weg van 'n openbare plek gestoor word;
- (b) op die verwyderingsdag soos bepaal in die afvalverwyderingsdaerooster, die afvalhouer buite die perseel geplaas word in 'n gebied wat vir munisipale beamptes of diensverskaffers toeganklik is;
- (c) maatreels in plek is om te voorkom dat diere met die afval peuter;
- (d) 'n afvalhouer wat deur die Munisipaliteit of diensverskaffer verskaf is, nie vir enige ander doeleinde as die berging van afval gebruik word nie;
- (e) indien die afvalhouer gesteel of beskadig is of verweer het, die Munisipaliteit daarvan in kennis gestel word en reelings getref word om die afvalhouer te vervang sodra die diefstal, skade of verwering onder sy of haar aandag kom.

(3) Waar 'n afvalhouer gesteel word soos beoog in subartikel (2)(e), kan 'n gemagtigde munisipale beampte versoek dat die diefstal by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld word voordat 'n nuwe afvalhouer uitgereik word.

Eienaarskap van afval

6. (1) 'n Persoon wat afval genereer, is die eienaar van daardie afval totdat dit deur daardie persoon beskikbaar gestel word vir verwydering deur die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer ooreenkomstig hierdie verordening.

(2) Afval word die eiendom van die Munisipaliteit sodra dit vir verwydering beskikbaar gestel word.

(3) Subartikel (1) en (2) is nie van toepassing op afvalstrome wat ingevolge artikel 10(2)(d) geïdentifiseer word en afval wat wederregtelik beskikbaar is nie.

(4) 'n Persoon wat afval beoog in subartikel (3) genereer, bly die eienaar van die afval totdat

daar wettiglik met die afval beskik word.

(5) Afval op die volgende persele wat deur die Munisipaliteit beheer word:

- (a) afvalstorting fasiliteite;
- (b) afvaloorlaaifasiliteite; en
- (c) fasiliteite waar afval ontvang, geberg, gewin of behandel word, is die eiendom van die Munisipaliteit.

(6) Geen persoon mag afval van 'n perseel beoog in subartikel (5) verwyder of daaraan peuter nie, tensy deur die Munisipaliteit gemagtig.

HOOFSTUK 2

GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUURSPLAN

Geïntegreerde afvalbestuursplan

7. Die Munisipaliteit sal –

- (a) 'n geïntegreerde afvalbestuursplan ingevolge die voorskrifte van wetgewende bepalinge vir die Munisipaliteit opstel, en sodanige plan deurlopend nagaan en hersien;
- (b) jaarliks verslag oor die implementering van die geïntegreerde afvalbestuursplan van die Munisipaliteit doen; en
- (c) die voorgeskrewe statutêre gemeenskapskonsultasie prosesse soos voorgeskryf in wetgewende bepalinge navolg.

Opstel van geïntegreerde afvalbestuursplan

8. Die munisipale bestuurder of 'n gemagtigde munisipale beampte kan 'n lasgewing uitreik aan 'n persoon of enige kategorie persone wat afval in die gebied van die Munisipaliteit genereer, om 'n geïntegreerde afvalbestuursplan op te stel en vir goedkeuring aan die Munisipaliteit voor te lê.

Inhoud van geïntegreerde afvalbestuursplan

9. 'n Geïntegreerde afvalbestuursplan moet die volgende inligting bevat:

- (a) die hoeveelheid afval wat gegenereer word;
- (b) maatreels om besoedeling of ekologiese agteruitgang te voorkom;
- (c) teikens om afval tot die minimum te beperk deur die vermindering, hergebruik, herwinning en winning van afval;
- (d) maatreels of programme om die generering van afval en die finale beskik van afval tot die minimum te beperk;
- (e) maatreels of optrede om afval te bestuur;
- (f) geleenthede vir die vermindering van afvalgenerering deur middel van veranderinge aan verpakking, produkontwerp of produksieprosesse;

- (g) meganismes om die publiek in te lig oor die uitwerking op die omgewing van produkte of verpakking wat afval genereer;
- (h) die tydperk wat vir die implementering van die plan benodig word; en
- (i) metodes om die implementering van die plan te monitor en daarvan verslag te doen.

HOOFSTUK 3

LEWERING VAN AFVALBESTUURSDIENSTE

Diensverskaffers

- 10.** (1) Die Munisipaliteit sal afvalverwyderingdienste lewer aan alle beboude besigheid en huishoudelike persele, teen diensgelde soos wat jaarliks bepaal word, en die eienaars of okkupeerders van sodanige persele moet van die beskikbare afvalverwyderingdiens van die Munisipaliteit gebruik maak.
- (2) Die Munisipaliteit kan enige van sy werksaamhede met betrekking tot die skeiding, verwydering, berging, verwerking, herwinning, behandeling en beskik van afval vervul deur 'n diensleweringsooreenkoms met 'n diensverskaffer aan te gaan.
- (3) 'n Diensleweringsooreenkoms moet —
- (a) met hierdie verordening in ooreenstemming wees;
 - (b) diensstandaarde stipuleer vir die dienste wat verskaf moet word, met inbegrip van tye en die gereeldheid van verwydering;
 - (c) voorsiening maak vir die omstandighede waaronder dienste wat deur die diensverskaffer verskaf word, beperk kan word; en
 - (d) vereis dat die diensverskaffer op die provinsiale geïntegreerde inligtingstelsel oor besoedelende stowwe en afval geregistreer is.

Verwydering en vervoer van algemene afval

- 11.** (1) Die Munisipaliteit moet 'n rooster opstel vir die dae waarop afval verwyder word en die plekke waar die afvalhouers op daardie dae geplaas moet word.
- (2) Die Munisipaliteit kan —
- (a) 'n afvalverwyderingsdaerooster vir kommersiele en residensiele eiendomme opstel;
 - (b) op versoek van 'n persoon afval afwykend van die rooster teen 'n vaste tarief verwyder;
 - (c) die maksimum hoeveelhede afval wat verwyder sal word, bepaal;
 - (d) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* afvalstrome identifiseer wat nie deur die Munisipaliteit verwyder mag word nie of wat nie geskik is vir verwydering nie.
- (3) Die Munisipaliteit moet —
- (a) die afvalverwyderingsdaerooster in 'n gedrukte formaat of elektronies publiseer; en
 - (b) ander redelike stappe doen om toe te sien dat die publiek van die rooster in kennis gestel word.

(4) Indien afval wat vervoer word, uitgemors word, uitlek of loskom, of uit 'n afvalhouer, voertuig of ander vervoermiddel val, kan die Munisipaliteit koste van die vervoerder verhaal vir redelike regstellende maatreels onderneem deur die Munisipaliteit.

Vervoer van afval vir wins

12. 'n Persoon wat algemene afval vir wins in die Munisipale gebied vervoer, moet —
- (a) toesien dat die afvalhouer, voertuig of ander vervoermiddel groot genoeg is en ontwerp is vir die tipe afval wat vervoer word;
 - (b) die afval vervoer op 'n wyse wat enige oorlas sal voorkom;
 - (c) die afvalhouer, voertuig of ander vervoermiddel te alle tye in 'n skoon en sanitere toestand behou; en
 - (d) toesien dat die afval vervoer word na of gedeponeer word by 'n afvaloorlaafasiliteit, bergingsfasiliteit vir algemene afval, herwinningsfasiliteit of afvalstorting fasiliteit wat gemagtig is om sodanige afval te ontvang.

Verwydering van ongewenste afval

13. 'n Persoon mag nie afval wat ingevolge artikel 11(2)(d) vir verwydering geïdentifiseer is, afsonderlik of tussen ander afval waarvoor die Munisipaliteit verwyderingsdienste verskaf, plaas nie, tensy reelings vooraf met die Munisipaliteit getref is vir spesiale verwydering deur die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer.

Afvaloorlaafasiliteite

14. 'n Afvalgenereerder moet, waar van toepassing —
- (a) 'n geskikte afvaloorlaafasiliteit gebruik soos beveel deur 'n gemagtigde munisipale beampte, 'n afvalstorting fasiliteit-operateur of 'n diensverskaffer; en
 - (b) hou by die bedryfsprosedures van die afvaloorlaafasiliteit soos bepaal deur die Munisipaliteit.

Beskik van afval

15. (1) 'n Gemagtigde munisipale beampte, 'n afvalstorting fasiliteit-operateur of 'n diensverskaffer kan alle afvalvragte wat 'n afvaloorlaafasiliteit, bergingsfasiliteit vir algemene afval, herwinningsfasiliteit of afvalstorting fasiliteit binnegaan, inspekteer.
- (2) Die inspeksie beoog in subartikel (1) kan die volgende insluit:
- (a) visuele en fisiese inspeksie van die afval, met inbegrip van die gebruik van handtoetsapparate; en
 - (b) 'n laboratoriumontleding van die afval.
- (3) 'n Gemagtigde munisipale beampte kan aan die houër van afval wat moontlik skadelik vir die omgewing is, 'n opdrag uitreik om —
- (a) onafhanklike laboratoriumtoetse te laat doen voor die afval beskik word om te bepaal of die afval geskik is vir 'n afvalstoring fasiliteit; of

(b) met die afval te beskik by 'n vermelde afvalstorting fasiliteit en om bewys van sodanige beskik te lewer.

(4) Indien 'n gemagtigde munisipale beampte bekommerd is oor die moontlike skadelike uitwerking van enige afval indien dit nie korrek beskik word nie, kan die gemagtigde munisipale beampte by 'n geskikte afvalstorting fasiliteit die afval beskik.

(5) Onder die omstandighede beoog in subartikel (2)(b), (3) en (4), of waar afval beoog in artikel 11(2)(d) deur die Munisipaliteit verwyder is, kan die Munisipaliteit enige koste wat aangegaan is, verhaal van elke verantwoordelike persoon, gesamentlik of afsonderlik, met inbegrip van die koste in verband met —

- (a) die gebruik van gespesialiseerde toerusting gedurende die laboratoriumtoetse;
- (b) gelde vir laboratoriumontledings;
- (c) administratiewe gelde;
- (d) vervoer- en beskikkoste; en
- (e) opruimingskoste, waar van toepassing.

(6) 'n Persoon wat afval beskik by 'n afvalstorting fasiliteit wat deur die Munisipaliteit besit of bestuur word, moet aan die bedryfsprosedures van die fasiliteit voldoen.

HOOFSTUK 4 HERWINBARE AFVAL

Berging, skeiding en verwydering van herwinbare afval

16. (1) 'n Persoon wat enige aktiwiteit onderneem wat die hergebruik, herwinning of winning van afval behels, met inbegrip van enige skroothandelaar en formele herwinningsgroep, moet voordat enige sodanige aktiwiteit onderneem word, toesien dat die hergebruik, herwinning of winning van die afval minder skadelik vir die omgewing is as die beskik daarvan.

(2) Die munisipale bestuurder kan aan 'n persoon beoog in subartikel (1) 'n lasgewing uitreik om maandeliks —

- (a) aan die Munisipaliteit verslag te doen van die hoeveelhede afval wat gegenereer is, hoeveelhede afval wat by 'n gemagtigde afvalstorting fasiliteit beskik is, en hoeveelhede wat vir herwinning en winning geskei is; of
- (b) die besonderhede beoog in paragraaf (a) op die geïntegreerde inligtingstelsel oor besoedelende stowwe en afval aan te teken.

(3) Die munisipale bestuurder kan aan 'n houer van afval 'n lasgewing uitreik om-

- (a) vermelde herwinbare afval te skei;
- (b) verskillende afvalhouers vir verskillende vermelde kategoriee herwinbare afval te gebruik; en
- (c) herwinbare afval vir verwydering beskikbaar te stel.

(4) Die munisipale bestuurder kan 'n lasgewing uitreik wat vereis dat die uitvoerende liggaam van 'n gemeenskapskema en die eienaars en inwoners van residensiele eiendomme binne die gemeenskapskema —

- (a) vermelde herwinbare afval skei;
- (b) verskillende afvalhouers vir verskillende vermelde kategoriee herwinbare afval gebruik; en
- (c) herwinbare afval op die vermelde wyse vir verwydering beskikbaar stel.

(5) Indien die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer vir die doeleindes van subartikel (3)(b) of (4)(b) afsonderlike afvalhouers verskaf het, mag 'n persoon geen ander afvalhouer vir herwinbare afval gebruik nie.

Skeiding van afval in geografiese gebied

17. (1) Die Munisipaliteit kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, vereis dat die houer van afval in 'n geografiese gebied vermeld in die kennisgewing —

- (a) vermelde herwinbare afval skei;
- (b) verskillende afvalhouers vir verskillende vermelde kategoriee herwinbare afval gebruik; en
- (c) die herwinbare afval op die vermelde wyse vir verwydering beskikbaar stel.

(2) Voor 'n kennisgewing beoog in subartikel (1) gepubliseer word, moet die Munisipaliteit 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* publiseer —

- (a) wat die herwinbare afval wat ingevolge die voorgestelde kennisgewing binne die betrokke geografiese gebied geskei moet word, uiteensit;
- (b) wat die wyse uiteensit waarop die vermelde herwinbare afval vir verwydering geplaas moet word;
- (c) wat uiteensit wanneer die herwinbare afval verwyder sal word; en
- (d) waarin skriftelike kommentaar op die aangeleentheid beoog in paragrawe (a) en (b) aangevra word.

HOOFSTUK 5 VERBODINGE

Verbod op ongemagtigde beskik van afval

18. (1) Geen persoon mag —

- (a) afval beskik in of op enige grond of watermassa of by enige fasiliteit nie, tensy die beskik van daardie afval deur 'n wet gemagtig word; of
- (b) bewustelik of uit nalatigheid veroorsaak of toelaat dat afval beskik word op 'n wyse wat waarskynlik mense se gesondheid sal benadeel of skade aan die omgewing sal veroorsaak.

(2) Indien daar strydig met hierdie verordening oor afval beskik is, kan die munisipale bestuurder 'n lasgewing aan die verantwoordelike persoon uitreik om die afval binne 'n vermelde tydperk na 'n gemagtigde afvalstorting kfasiliteit te verwyder.

(3) Indien afval strydig met hierdie verordening beskik is en —

- (a) die verantwoordelike persoon versuim om aan die lasgewing beoog in subartikel (2) te voldoen, of nie toereikend daaraan voldoen nie;
- (b) daar onsekerheid is oor die identiteit van die verantwoordelike persoon of waar die verantwoordelike persoon horn of haar bevind; of
- (c) daar 'n onmiddellike risiko van gevaar vir die publiek of skade aan die omgewing is, kan die Munisipaliteit enige maatreels tref wat hy nodig ag om die afval te bedwing, en die gevolge van die beskik van die afval tot 'n minimum te beperk, en kan die Munisipaliteit skoonmaakprosedures onderneem en die gevolge van die beskik van die afval regstel.

(4) Die Munisipaliteit kan enige koste wat ingevolge subartikel (3) aangegaan is, van elke verantwoordelike persoon, gesamentlik en afsonderlik, verhaal.

Verbod op verbranding van afval

19. Geen persoon mag afval verbrand, veras of enige ander hittebehandelingstegnologie op afval toepas nie, behalwe in 'n hittebehandelingsfasiliteit wat deur die Munisipaliteit of die betrokke bevoegde owerheid gemagtig is.

Verbod op rommelstrooiing

20. (1) Geen persoon mag —

- (a) rommel strooi nie;
- (b) afval op enige openbare plek beskik nie;
- (c) enigiets in enige afvalhouer wat vir die doeleindes van afvalverwydering geplaas is, op so 'n wyse versteur of verwyder dat dit veroorsaak dat die inhoud van die afvalhouer uitgemors word of op die grond val nie; of
- (d) 'n persoon in sy of haar diens, of wat onder sy of haar leiding of beheer is, toelaat om enige van die handelinge beoog in paragraaf (a), (b) of (c) te verrig nie.

(2) Indien rommel op 'n wyse wat strydig is met hierdie verordening beskik of weggegooi is op grond in privaat besit waartoe die publiek toegang het, moet die eienaar van daardie grond die rommel binne 'n redelike tydperk van die eiendom verwyder.

(3) Indien die Munisipaliteit dit nodig ag om afval of rommel vanaf enige perseel te verwyder, sal die eienaar, okkupeerder of persoon wat beheer uitoefen oor die perseel aanspreeklik gehou word vir die koste van die Munisipaliteit se verwydering van die afval of rommel.

(4) In die geval van rommelstorting van gevaarlike afval, sal sodanige afval onmiddellik deur die Munisipaliteit verwyder word, en die nodige kennisgewings sal aan die person aanspreeklik uitgereik word vir die verwyderingskoste en die rehabilitasie van die omgewing.

Verbod op oorlas

- 21.** (1) 'n Persoon wat afval hanteer, hetsy gedurende berging, verwydering, vervoer, herwinning, behandeling of beskik, moet —
- (a) redelike maatreels tref om te voorkom dat dit 'n oorlas vir enigiemand of die omgewing is; en
 - (b) op sy of haar eie onkoste maatreels tref om enige oorlas wat veroorsaak is, reg te stel.
- (2) Die munisipale bestuurder kan 'n lasgewing aan 'n verantwoordelike persoon uitreik om maatreels te tref om voldoening aan subartikel (1) te verseker.
- (3) Indien 'n lasgewing uitgereik is soos beoog in subartikel (2) en —
- (a) die verantwoordelike persoon versuim om aan die lasgewing te voldoen of nie toereikend daaraan voldoen nie;
 - (b) daar onsekerheid is oor die identiteit van die verantwoordelike persoon of waar die verantwoordelike persoon horn of haar bevind; of
 - (c) daar 'n onmiddellike risiko van gevaar vir die publiek of skade aan die omgewing is, kan die Munisipaliteit enige maatreels tref wat hy nodig ag om die oorlas te voorkom, die gevolge van die oorlas te bedwing en tot 'n minimum te beperk en om die gevolge van die oorlas reg te stel.
- (4) Die Munisipaliteit kan enige koste wat ingevolge subartikel (3) aangegaan is, van elke verantwoordelike persoon, gesamentlik en afsonderlik, verhaal.

HOOFSTUK 6**HANTERING VAN VERSKILLENDE Tipes AFVAL****Organiese afval**

- 22.** (1) Die okkupant van 'n perseel waarop —
- (a) organiese afval gegenerer word, kan die afval op die perseel komposteer, met dien verstande dat die kompostering nie 'n oorlas of skade aan mense se gesondheid of die omgewing veroorsaak nie;
 - (b) organiese afval gegenerer en nie gekomposteer word nie, moet toesien dat die afval binne 'n redelike tydperk nadat dit gegenerer is, verwyder en behandel word of beskik word.
- (2) Die munisipale bestuurder kan 'n lasgewing uitreik aan —
- (a) 'n vervoerder van tuinafval of 'n persoon wat tuinstandhoudingsdienste verskaf, om enige tuinafval te vervoer na 'n fasiliteit wat die Munisipaliteit aangewys het vir beskiking;
 - (b) 'n genereerder van organiese afval om 'n geïntegreerde afvalbestuursplan op te stel wat maatreels aandui om sodanige afval tot die minimum te beperk en te win; en
 - (c) 'n genereerder van organiese afval om die afval na aangewese fasiliteite vir behandeling of beskik te vervoer.

(3) Die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer kan, op skriflike versoek van die okkupant van 'n perseel waarop organiese afval gegenereer word, by die betaling van 'n tarief 'n geskikte afvalhouer lewer vir die doel van die barging van organiese afval, benewens enige afvalhouer wat ingevolge artikel 5(1) vir algemene afval verskaf is.

Grootmaat afval

23. (1) 'n Persoon wat grootmaat afval genereer, mag nie die grootmaat afval saam met ander afval plaas wat ooreenkomstig die afvalverwyderingsdaerooster deur die Munisipaliteit verwyder sal word nie, en moet toesien dat die grootmaat afval herwin word of, wanneer dit nie herwin kan word nie, beskik word by 'n fasiliteit wat deur die Munisipaliteit aangewys is om grootmaat afval te ontvang.

(2) Die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer kan, op versoek van die okkupant van 'n perseel waar grootmaat afval gegenereer word, by die betaling van 'n tarief grootmaat afval van daardie perseel verwyder.

(3) Die munisipale bestuurder kan 'n lasgewing uitreik aan 'n diensverskaffer wat grootmaat afval verwyder om maandeliks —

- (a) aan die Munisipaliteit verslag te doen van die hoeveelhede grootmaat afval wat beskik is en die hoeveelhede wat vir herwinning geskei is; of
- (b) die besonderhede beoog in paragraaf (a) op die geïntegreerde inligtingstelsel oor besoedelende stowwe en afval aan te teken.

Bou- en slopingsafval

24. (1) 'n Persoon wat bou- en slopingsafval genereer, mag nie die bou- en slopingsafval meng met afval wat die Munisipaliteit ooreenkomstig die afvalverwyderingsdaerooster verwyder nie, en moet toesien dat die bou- en slopingsafval herwin word of, wanneer dit nie herwin kan word nie, beskik word by 'n fasiliteit wat deur die Munisipaliteit aangewys is om bou- en slopingsafval te ontvang.

(2) Die munisipale bestuurder kan 'n lasgewing uitreik aan 'n persoon wat bou- of slopingsafval genereer, om die afval vir behandeling, herwinning of hergebruik te skei en om maandeliks —

- (a) aan die Munisipaliteit verslag te doen van die hoeveelhede bou- en slopingsafval wat gegenereer is, die hoeveelhede wat beskik is by 'n gemagtigde afvalstoring fasiliteit en die hoeveelhede wat vir herwinning en hergebruik geskei is; of
- (b) die besonderhede beoog in paragraaf (a) op die geïntegreerde inligtingstelsel oor besoedelende stowwe en afval aan te teken.

(3) 'n Persoon wat by die Munisipaliteit aansoek doen om goedkeuring om slopingswerk te onderneem ingevolge die Nasionale Bouregulasies, gemaak kragtens Goewermentskennisgewing R2378 van 1990 in Staatskoerant 12780, van 12 Oktober 1990, moet 'n slopingsafvalplan saam met die aansoekindien.

- (4) Die slopingsafvalplan moet 'n dekonstruksieplan insluit wat die voorgestelde proses vir die sloping beskryf en moet gedetailleerde planne vir die maksimale winning van herbruikbare en herwinbare afval uiteensit.
- (5) Die Munisipaliteit kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, van 'n persoon wat 'n bou- en slopingsafvalverwyderingsdiens in die gebied van die Munisipaliteit bedryf of wil bedryf, vereis om —
- (a) by die Munisipaliteit te registreer voordat hy of sy sodanige werk onderneem; en
 - (b) die inligting wat in die kennisgewing vermeld word, of soos die Munisipaliteit redelikerwys kan vereis, te verskaf.
- (6) 'n Aansoek om registrasie om 'n bou- en slopingsafvalverwyderingsdiens te bedryf moet in 'n vorm wees wat die Munisipaliteit bepaal.
- (7) Die Munisipaliteit moet, binne 30 dae ná ontvangs van 'n aansoek om registrasie beoog in subartikel (6), die aansoek oorweeg en hetsy —
- (a) die aansoeker registreer en 'n registrasiesertifikaat aan die aansoeker uitreik wat die volgende vermeld:
 - (i) die naam van die fasiliteit wat geregistreer is om 'n bou- en slopingsafvalverwyderingsdiens te bedryf;
 - (ii) die afvalinligtingregistrasienumer;
 - (iii) die tipe afval wat die fasiliteit hanteer;
 - (iv) die ligging van die fasiliteit; en
 - (v) die datum van registrasie; of
 - (b) by skriftelike kennisgewing die aansoek om registrasie vir regstelling na die aansoeker terugstuur.
- (8) 'n Aansoek om registrasie wat vir regstelling teruggestuur is, moet binne 30 dae ná die datum waarop die Munisipaliteit die skriftelike kennisgewing vir regstelling aan die aansoeker uitgereik het, gewysig word en weer by die Munisipaliteit ingedien word.
- (9) 'n Aansoek om registrasie wat soos beoog in subartikel (8) gewysig en weer ingedien is, moet soos beoog in subartikel (7) hanteer word.
- (10) Die Munisipaliteit kan by die betaling van 'n tarief self 'n bou- en slopingsafvalverwyderingsdiens verskaf.
- (11) 'n Persoon wat 'n geskikte afvalhouer vir die berging en verwydering of beskik van bou- en slopingsafval op 'n openbare pad wil plaas, moet om skriftelike toestemming by die Munisipaliteit aansoek doen.
- (12) 'n Afvalhouer beoog in subartikel (11) moet —
- (a) duidelik gemerk wees met die naam, adres en telefoonnummer van die persoon wat vir die afvalhouer verantwoordelik is;
 - (b) toegerus wees met weerkaatsende chevrons of weerkaatsers wat die voor-, sy- en agterkante van die afvalhouer duidelik omlyn; en
 - (c) te alle tye bedek wees, behalwe wanneer dit afval ontvang of die afval daarin verwyder word, sodat geen verskuiwing van die inhoud kan plaasvind nie.

Gevaarhoudende afval

- 25.** (1) Die Munisipaliteit kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, vereis dat 'n persoon wat gevaarhoudende afval in die gebied van die Munisipaliteit genereer, behandel, vervoer of beskik of dit wil genereer, behandel, vervoer of beskik —
- (a) by die Munisipaliteit registreer voordat hy of sy sodanige werk onderneem; en
 - (b) die inligting soos vermeld in die kennisgewing of soos die Munisipaliteit redelikerwys kan vereis, verskaf.
- (2) 'n Aansoek om registrasie om gevaarhoude afval te genereer, behandel, vervoer of beskik moet in 'n vorm wees wat die Munisipaliteit bepaal.
- (3) Die Munisipaliteit moet, binne 30 dae na ontvangs van 'n aansoek om registrasie soos beoog in subartikel (2), die aansoek oorweeg en hetsy —
- (a) die aansoeker registreer en 'n registrasiesertifikaat wat die volgende vermeld, aan die aansoeker uitreik:
 - (i) die naam van die fasiliteit wat geregistreer is om gevaarhoudende afval te genereer, behandel, vervoer of om te beskik;
 - (ii) die afvalinligtingregistrasienuommer;
 - (iii) die tipe afval wat die fasiliteit hanteer;
 - (iv) die ligging van die fasiliteit; en
 - (v) die datum van registrasie; of
 - (b) by skriftelike kennisgewing die aansoek om registrasie vir regstelling na die aansoeker terugstuur.
- (4) 'n Aansoek om registrasie wat vir regstelling teruggestuur is, moet binne 30 dae na die datum waarop die Munisipaliteit die skriftelike kennisgewing vir regstelling aan die aansoeker uitgereik het, gewysig word en weer by die Munisipaliteit ingedien word.
- (5) 'n Aansoek om registrasie wat soos beoog in subartikel (4) gewysig en weer ingedien is, moet soos beoog in subartikel (3) hanteer word.
- (6) 'n Persoon wat gevaarhoudende afval genereer of die eienaar is van 'n perseel waar gevaarhoudende afval gegenereer word, moet 'n kontrak sluit met 'n diensverskaffer wat ingevolge hierdie artikel geregistreer is om sodanige afval te behandel, te vervoer, of te beskik.

Afvalbuitebande

- 26.** (1) Die Munisipaliteit kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, vereis dat 'n persoon wat as 'n buitebandprodusent, buitebandhandelaar, afvalbuitebandverwyderaar, eienaar van 'n buitebandopgaarplek of buitebandherwinningsvervaardiger sake doen of wil doen —
- (a) by die Munisipaliteit registreer voordat hy of sy sodanige werk onderneem; en
 - (b) die inligting vermeld in die kennisgewing of soos wat die Munisipaliteit redelikerwys kan vereis, te verskaf.

(2) 'n Aansoek om registrasie om sake te doen as 'n buitebandprodusent, buitebandhandelaar, afvalbuitebandverwyderaar, eienaar van 'n buitebandopgaarplek of buitebandherwinningsvervaardiger moet in 'n vorm wees wat die Munisipaliteit bepaal.

(3) Die Munisipaliteit moet, binne 30 dae na ontvangs van 'n aansoek om registrasie soos beoog in subartikel (2) die aansoek oorweeg en hetsy —

(a) die aansoeker registreer en 'n registrasiesertifikaat wat die volgende vermeld, aan die aansoeker uitreik:

- (i) die naam van die fasiliteit wat geregistreer is om sake te doen as 'n buitebandprodusent, buitebandhandelaar, afvalbuitebandverwyderaar, eienaar van 'n buitebandopgaarplek of buitebandherwinningsvervaardiger;
- (ii) die afvalinligtingregistrasienumer;
- (iii) die tipe afval wat die fasiliteit hanteer;
- (iv) die ligging van die fasiliteit; en
- (v) die datum van registrasie; of

(b) by skriftelike kennisgewing die aansoek om registrasie vir regstelling na die aansoeker terugstuur.

(4) 'n Aansoek om registrasie wat vir regstelling teruggestuur is, moet binne 30 dae na die datum waarop die Munisipaliteit die skriftelike kennisgewing vir regstelling aan die aansoeker uitgereik het, gewysig word en weer by die Munisipaliteit ingedien word.

(5) 'n Aansoek om registrasie wat soos beoog in subartikel (4) gewysig en weer ingedien is, moet soos beoog in subartikel (3) hanteer word.

(6) Die Munisipaliteit kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, van die publiek vereis om buitebande by fasiliteite aangewys in die kennisgewing te beskik.

Geleentheidsafval

27. (1) 'n Geleentheidsorganiseerder moet saam met sy of haar aansoek om 'n geleentheidspermit 'n geleentheidsafvalbestuursplan by die Munisipaliteit indien.

(2) Die geleentheidsafvalbestuursplan moet in besonderhede uiteensit —

- (a) hoe afval tot die minimum beperk sal word en vir herwinning gewin sal word; en
- (b) die persoon wat verantwoordelik is en die maatreels wat in plek is vir die skoonmaak, verwydering, herwinning en beskik van die geleentheidsafval.

(3) Die geleentheidsorganiseerder moet toesien dat die geleentheidsafval by 'n gemagtigde afvalstorting fasiliteit beskik word en bewys van die beskik aan die Munisipaliteit lewer.

(4) Indien enige geleentheidsafval nie opgeruim en verwyder word nadat die geleentheid aangebied is nie, kan die munisipale bestuurder 'n lasgewing aan die geleentheidsorganiseerder of verantwoordelike persoon uitreik om die afval na 'n gemagtigde afvalstorting fasiliteit te verwyder.

(5) Indien 'n lasgewing soos beoog in subartikel (4) uitgereik is en —

- (a) 'n geleentheidsorganiseerder of verantwoordelike persoon versuim om aan die lasgewing te voldoen of nie toereikend daaraan voldoen nie;

(b) daar onsekerheid is oor die identiteit van die geleentheidsorganiseerder of verantwoordelike persoon of oor waar die organiseerder of persoon horn of haar bevind; of

(c) daar 'n onmiddellike risiko van gevaar vir die publiek of skade aan die omgewing is, kan die Munisipaliteit enige maatreel wat hy nodig ag, tref om die geleentheidsafval op te ruim, te verwyder en te beskik.

(6) Die Munisipaliteit kan die kostes wat ingevolge subartikel (5) aangegaan is, van die geleentheidsorganiseerder en enige verantwoordelike persoon, gesamentlik en afsonderlik, verhaal.

Verlate voorwerpe

28. (1) Die Munisipaliteit kan enige voorwerp wat hy redelikerwys as verlate ag, verwyder en beskik, met inagneming van die volgende faktore:

(a) waar die voorwerp is;

(b) hoe lank die voorwerp reeds op daardie plek is; en

(c) die aard en toestand van die voorwerp.

HOOFSTUK 7

ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE, VOLDOENING EN AFDWINGING

Aanspreeklikheid om tariewe te betaal

29. (1) Die eienaar van 'n perseel aan wie die Munisipaliteit afvalbestuursdienste beoog in hierdie verordening verskaf, is aanspreeklik vir die betaling van tariewe.

(2) Die Munisipaliteit kan enige persoon of kategorie persone wat ingevolge die munisipale deernisbeleid behoeftig geag word, van die betaling van tariewe vir afvalbestuursdienste vrystel of 'n korting toestaan.

Vrystellings

30. (1) 'n Persoon kan skriftelik by die Munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van enige bepaling van hierdie verordening.

(2) 'n Aansoek beoog in subartikel (1) moet in 'n vorm wees wat die Munisipaliteit bepaal, en moet vergesel wees van 'n motivering vir die vrystelling.

(3) Die Munisipaliteit kan —

(a) 'n vrystelling skriftelik verleen, met of sonder voorwaardes waaraan die verlening van die vrystelling onderhewig is;

(b) 'n vrystelling, of 'n voorwaarde in 'n vrystelling, wysig of kanselleer; of

(c) weier om 'n vrystelling te verleen.

(4) Ten einde 'n aansoek beoog in subartikel (1) te oorweeg, kan die Munisipaliteit kommentaar aanvra van lede van die publiek wat deur die verlening van die vrystelling geraak sal word.

(5) Indien 'n vrystelling verleen is onderhewig aan voorwaardes, tree die vrystelling nie in werking nie totdat die aansoeker 'n skriftelike onderneming by die Munisipaliteit ingedien het dat hy of sy aan al die voorwaardes sal voldoen.

(6) Indien die aansoeker versuim om aan 'n voorwaarde van die vrystelling te voldoen, word die vrystelling met onmiddellike werking opgeskort.

Aanwysing van sekere beamptes

31. (1) Die munisipale bestuurder kan —

- (a) enige personeellid van die Munisipaliteit as 'n gemagtigde munisipale beampte aanwys;
- (b) enige personeellid van die volgende instansies as 'n afvalstoring fasiliteit- operateur aanwys:
 - (i) die Munisipaliteit;
 - (ii) enige ander staatsorgaan; of
 - (iii) 'n diensverskaffer; en

(c) kan te eniger tyd 'n aanwysing wat ingevolge paragraaf (a) of (b) gedoen is, terugtrek.

(2) 'n Aanwysing beoog in subartikel (1)(b)(ii) kan slegs by ooreenkoms tussen die munisipale bestuurder en die betrokke staatsorgaan gedoen word.

Werkzaamhede van gemagtigde munisipale beamptes en afvalstoring fasiliteit- operateurs

32. (1) 'n Gemagtigde munisipale beampte —

- (a) moet hierdie verordening administreer, implementeer en afdwing; en
- (b) kan enige werkzaamheid wat by hierdie verordening aan 'n gemagtigde munisipale beampte opgedra is, met inbegrip van die uitvoer van 'n inspeksie, die ondersoek van enige handeling of versuim wat ingevolge hierdie verordening 'n misdryf kan uitmaak, en die monitering en afdwinging van voldoening aan hierdie verordening.

(2) 'n Afvalstoring fasiliteit-operateur moet hierdie verordening by 'n munisipale afvaloorlaafasiliteit, bergingsfasiliteit vir algemene afval, herwinningsfasiliteit of afvalstoring fasiliteit, na gelang van die geval, administreer en implementeer.

Persele ontoeganklik vir afvalverwydering

33. Indien werknemers van die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer beoog in artikel 10 —

- (a) verhinder word om afval op enige perseel te hanteer of te verwyder weens die uitleg van die perseel; of
- (b) in gevaar gestel word deur 'n hindernis op die perseel wanneer afval op enige perseel hanteer of verwyder word,

kan die munisipale bestuurder 'n lasgewing uitreik wat van die eienaar van die perseel vereis om, op die eienaar se onkoste, die veranderinge of byvoegings wat nodig is om die hindernis te verwyder, aan die perseel aan te bring.

Plig om dokumente te verskaf

34. 'n Persoon aan wie 'n sertifikaat, permit, magtiging of enige ander dokument beoog in hierdie verordening uitgereik is, moet dit op versoek van 'n vredesbeampte of 'n gemagtigde munisipale beampte verskaf.

Lasgewings

35. (1) Die munisipale bestuurder kan 'n lasgewing uitreik aan enige persoon soos beoog in hierdie verordening om binne 'n vermelde tydperk spesifieke maatreels met betrekking tot afval te tref om toe te sien dat die uitwerking van afval op mense se gesondheid of skade aan die omgewing versag word en om aan die afvalbestuurshierargie uitvoering te gee.
- (2) Voordat 'n lasgewing beoog in hierdie verordening uitgereik word, moet die munisipale bestuurder aan die persoon vir wie die lasgewing bestem is, skriftelik kennis gee van die voorneme om die lasgewing uit te reik en daardie persoon 'n redelike geleentheid gee om skriftelike vertoe te rig.
- (3) Indien dringende optrede vir die beskerming van die omgewing nodig is —
- (a) kan die munisipale bestuurder die lasgewing uitreik sonder om vooraf aan die persoon skriftelike kennis te gee; en
 - (b) moet die munisipale bestuurder aan die persoon aan wie die lasgewing uitgereik is, so gou as wat redelik is daarna 'n geleentheid gee om skriftelike vertoe te rig.

Voldoeningskennisgewings

36. (1) 'n Gemagtigde munisipale beampte kan 'n skriftelike voldoeningskennisgewing aan 'n persoon uitreik indien daar redelike gronde is om te glo dat die persoon nie aan die volgende voldoen het nie:
- (a) 'n bepaling van hierdie verordening; of
 - (b) 'n bepaling of voorwaarde van enige permit, magtiging, vrystelling of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is.
- (2) Voordat 'n gemagtigde munisipale beampte 'n voldoeningskennisgewing uitreik, moet hy of sy die persoon vir wie die voldoeningskennisgewing bestem is, skriftelik kennis gee van die voorneme om die voldoeningskennisgewing uit te reik en daardie persoon 'n redelike geleentheid gee om skriftelike vertoe te rig.
- (3) Indien dringende optrede vir die beskerming van die omgewing nodig is —
- (a) kan 'n gemagtigde munisipale beampte 'n voldoeningskennisgewing uitreik sonder om vooraf aan die persoon skriftelike kennis te gee; en
 - (b) moet 'n gemagtigde munisipale beampte aan die persoon aan wie die voldoeningskennisgewing uitgereik is, so gou as wat redelik is daarna 'n geleentheid gee om skriftelike vertoe te rig.
- (4) 'n Voldoeningskennisgewing moet die volgende uiteensit:
- (a) besonderhede van die gedrag wat nievoldoening uitmaak;
 - (b) enige stappe wat die persoon moet doen en die tydperk waarbinne die stappe gedoen moet word;

- (c) enige handeling wat die persoon nie mag verrig nie, en die tydperk waarbinne die persoon dit nie mag doen nie;
 - (d) die stappe wat die Munisipaliteit ingevolge subartikel (6) geregtig is om te doen indien daar nie aan die kennisgewing voldoen word nie; en
 - (e) die prosedure wat gevolg moet word vir die aantekening van appél teen die voldoeningskennisgewing.
- (5) 'n Gemagtigde munisipale beampte kan, by aanvoering van grondige redes, 'n voldoeningskennisgewing verander en die tydperk waarbinne daar daaraan voldoen moet word, verleng.
- (6) Indien 'n persoon aan wie 'n voldoeningskennisgewing uitgereik is, versuim om daaraan te voldoen, kan die Munisipaliteit —
- (a) enige stappe doen wat hy nodig ag, waar van toepassing, om-
 - (i) die afval op te ruim of te verwyder;
 - (ii) die perseel, plek of geraakte gebied waar die afval gestort, of beskik is of geberg word, te rehabiliteer; en
 - (iii) toe te sien dat afval en enige besoedelde materiaal wat nie verwyder, opgeruim of gerehabiliteer kan word nie, behandel word of op 'n wettige wyse beskik word; en
 - (b) die koste vir enige stappe beoog in paragraaf (a) van elke verantwoordelike persoon, gesamentlik of afsonderlik, verhaal.

Appéle

37. (1) 'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat die Munisipaliteit ingevolge hierdie verordening geneem het, kan, tensy die besluit deur die munisipale raad geneem is, ingevolge artikel 62 van die Wet op Munisipale Stelsels teen daardie besluit appéleer.
- (2) 'n Appél kragtens hierdie artikel skort die werking van die betrokke besluit op hangende die afhandeling van die appél, behoudens subartikels (3) en (4).
- (3) 'n Persoon wat 'n lasgewing of voldoeningskennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening ontvang, moet binne die tydperk vermeld in die lasgewing of voldoeningskennisgewing aan daardie lasgewing of voldoeningskennisgewing voldoen, tensy die appélowerheid ingestem het om die werking van die lasgewing of voldoeningskennisgewing soos beoog in subartikel (4)(b) op te skort.
- (4) Die appélowerheid kan, op versoek en by aanvoering van grondige redes, opdrag gee dat, hangende die afhandeling van die appél —
- (a) die werking van die besluit wat die onderwerp van die appél is, of enige bepaling of voorwaarde daaraan geheg, nie opgeskort word nie, hetsy in geheel of gedeeltelik; of
 - (b) die werking van die lasgewing of voldoeningskennisgewing beoog in subartikel (3), of enige gedeelte van daardie lasgewing of voldoeningskennisgewing, opgeskort word.

Beperking van aanspreeklikheid

38. Nóg die Munisipaliteit nóg enige ander persoon is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak is deur —

- (a) die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig kragtens hierdie verordening; of
- (b) die versuim om kragtens hierdie verordening enige bevoegdheid uit te oefen of enige plig te verrig,

tensy die uitoefening of verrigting van die bevoegdheid of plig, of die versuim om dit uit te oefen of te verrig, onwettig en —

- (i) nalatig is; of
- (ii) te kwader trou is.

Misdrywe

39. 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien daardie persoon —

- (a) 'n diensverskaffer, 'n afvalstorting fasiliteit-operateur of 'n gemagtigde munisipale beampte verhinder by of inmeng in die uitoefening van hul bevoegdhede of die verrigting van hul pligte ingevolge hierdie verordening;
- (b) artikel 5(1), 24(3), 24(12), 27(1) of 34 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (c) artikel 4(1), 6(6), 13, 14, 15(6), 16(5), 18(1), 19, 20(1), 22(1)(b), 23(1), 25(6) of 27(3) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (d) 'n voldoeningskennisgewing wat ingevolge artikel 4(2) of 36(1) uitgereik is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (e) 'n lasgewing uitgereik ingevolge artikel 4(3), 8, 16(2), 16(3), 16(4), 18(2), 21(2), 22(2), 23(3), 24(2), 27(4) of 33 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (f) valslik voorgee om 'n gemagtigde munisipale beampte of afvalstorting fasiliteit-operateur te wees;
- (g) vals of misleidende inligting verskaf wanneer daar aan 'n bepaling van hierdie verordening voldoen word;
- (h) wederregtelik, en doelbewus of uit nalatigheid, enige handeling verrig of versuim om enigiets in verband met afval te doen wat die omgewing nadelig raak of wat die omgewing waarskynlik nadelig sal raak;
- (i) 'n kennisgewing beoog in artikel 17(1), 24(5), 25(1), 26(1) of 26(6) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (j) 'n opdrag uitgereik ingevolge artikel 4(2) of 15(3) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (k) 'n geïntegreerde afvalbestuursplan oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (l) 'n voorwaarde waaraan 'n vrystelling van 'n bepaling van hierdie verordening ingevolge artikel 30 onderhewig is, oortree of versuim om daaraan te voldoen.

Strawwe

40. (1) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikel 39(b), is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand en, in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande, of in beide gevalle, met beide sodanige boetes en sodanige gevangenisstraf.
- (2) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikel 39(a), (c), (d), (e), (h), (i), (j), (k) of (l), is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, en in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of in beide gevalle, met beide sodanige boetes en sodanige gevangenisstraf.
- (3) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikel 39(f) of (g) is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, en in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar, of in beide gevalle, met sodanige boetes en sodanige gevangenisstraf.
- (4) 'n Boete beoog in subartikel (1), (2) of (3) moet bepaal word met behoorlike inagneming van —
- (a) die hewigheid van die misdryf ten opsigte van die uitwerking of moontlike uitwerking daarvan op gesondheid, welsyn, veiligheid en die omgewing; en
 - (b) die geldelike of ander voordele wat die skuldige persoon toegeval het deur die pleeg van die misdryf.

Herroeping van verordenings

41. Die Verordening Insake Vullisverwydering van 2005 word herroep.

Interpretasie

42. In die geval vanstrydigheid tussen die Engelse en die Afrikaanse weergawe van hierdie verordening, sal die Engelse weergawe bepalend wees.

Kort titel

43. Hierdie verordening heet die Verordening Insake Geïntegreerde Afvalbestuur van die Kaap Agulhas Munisipaliteit, 2021.